# AANKONDIGINGS VIR SONDAG, 16 JANUARIE 2022

Baie welkom by ons erediens. In besonder welkom aan besoekers
en vakansiegangers!

**09:00 Erediens:** Dr Kobus van Zyl
***Spesiale deuroffer:*** *Soedan-uitreik*

Baie geluk aan almal wat vandag en in die komende week verjaar. Spesiale gelukwensing aan die volgende lidmate wat in die komende week verjaar:

- ***Rina Taljaard***, van Reebok R4A, wat op 17 Januarie haar **82ste** verjaardag vier.
- ***Corrie Boom,*** van Reebok R11, wat op 18 Januarie haar **80ste** verjaardag vier.
- ***Mona Jansen,*** van Reebok R11, wat op 19 Januarie haar **81ste** verjaardag vier.
- ***Louwrens Greyvenstein,*** van Fraai-Uitsig F4, wat op 21 Januarie sy **84ste** verjaardag vier.
- ***Japie Genis,*** van Fraai-Uitsig F10, wat op 22 Januarie sy **85ste** verjaardag vier.
- ***Mavis Scriven,*** van Reebok R3, wat op 22 Januarie haar **81ste** verjaardag vier.
- ***Ibel Swiegers,*** van Reebok R6, wat op 22 Januarie sy **80ste** verjaardag vier.

## ALGEMENE INLIGTING

### 1. ONTHOU IN DIE KOMENDE WEEK:

- Donderdag, 20 Januarie: Kooroefening in ons kerkgebou om 16:30. Almal wat wil kom saam sing in die nuwe jaar is meer as welkom!
- Vrydag, 21 Januarie: Alle diensgroepe se begrotings moet voor 12:00 ingehandig wees by die kerkkantoor.

### 2. JAARLIKSE KERMIS OM DIE DRAAI ☺

Ons jaarlikse kermis vind op **Saterdag, 26 Maart** op ons kerkterrein plaas. Ons eerste reëlingsvergadering vind plaas op **Maandag, 24 Januarie**, om **18:00** in ons Gemeentesentrum. Kom help asseblief saam beplan. Ons kort nuwe hande en nuwe idee's!

### 3. VOLGENDE SONDAG, 23 JANUARIE

**09:30 Erediens** in die Reebok-kerkgebou: Ds Gerhard van Dyk
*Spesiale deuroffer vir ons Vernuwingsreeks (wat op 30 Januarie begin)*
**Kinderkerk** vir al ons maats onder agt jaar in die Kinderkerk-lokaal
**Junior-Kategese** vir al ons laerskoolmaats begin met 'n gesamentlike byeenkoms net na die Oggenddiens in ons kerkgebou.